

**2 Oktober**

**Skrifgedeelte: Handeling 17:15-34 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Handeling 17:25-28**

**Vleeslike of Goddelike wysheid?**

Op die Areopagus is daar konfrontasie tussen die wysheid van God en die wysheid en kennis van hierdie wêreld. Paulus besing nie soos ander die kuns en kultuur van die Ateners nie, maar ontbloot dit as dwaasheid. Hierdie meerderwaardige Grieke was verteenwoordigers van die wysheid wat van benede kom. Hulle moes tot die besef kom dat die God wat Paulus verkondig, nie geskep en gepaai en versorg word, soos hulle afgode nie. Hy het nie hulle terapie nodig nie, want dit is Hy wat die mensdom in sy hand het en versorg. Sy doel is tweërlei:

- dat mense die woonplek wat Hy aan hulle gee, sal bewoon en bewerk, vir die tyd wat Hy aan hulle gee;
- dat hulle Hom sal soek en vind en dien.

Die Ateners het met tipiese meerderwaardigheid gereageer op God. Sy oproep tot bekering voordat die oordeel kom, lag hulle af.

Maar hoe reageer ons? Maak jy dalk self ook van Hom 'n afgod:

- Deur te lewe asof jy oor jouself en jou tyd hier beskik?
- Hom te probeer beperk en vas te pen in 'n kerkgebou?
- Jou eie prestasie die doel te maak van jou lewe?
- Oorsee te gaan woon waar jy Hom nie hoef te dien nie?

Of soek jy, deur sy genade en Gees, elke dag na Hom en sy wil, deur Hom in alles te dien?

Tussen aardse en Godgegewe wysheid, staan steeds die eis van bekering.

*Sing: Psalm 25:2, 4 en 6*

*Ds BC Smit (Parys)*